# Gelei deur die Heilige Gees

**Skriflesing**

Hand 13 Onder die profete en leraars in die gemeente in Antiogië was Barnabas, Simeon wat ook Niger genoem is, Lucius van Sirene, Manaen wat saam met die heerser Herodes grootgeword het, en Saulus. [2]Toe hulle op ’n keer bymekaar was om die Here te dien en om te vas, het die Heilige Gees gesê: “Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het.” [3]Nadat die gemeente gevas en gebid en hulle die hande opgelê het, het die gemeente hulle laat gaan. [4]So is Barnabas en Saulus deur die Heilige Gees uitgestuur. Hulle het na Seleukië toe gegaan en daarvandaan na Siprus toe oorgevaar [5]en in Salamis aangekom. Daar het hulle die woord van God in die Joodse sinagoges verkondig. Hulle het Johannes by hulle gehad om hulle te help. [6]Daarna het hulle die hele eiland deurgegaan tot by Pafos, waar hulle ’n Joodse towenaar met die naam Barjesus teëgekom het, wat voorgegee het dat hy ’n profeet is. [7]Hy was by die goewerneur, Sergius Paulus, wat ’n verstandige man was. Die goewerneur het vir Barnabas en Saulus laat roep, want hy wou graag die woord van God hoor. [8]Die towenaar, Elimas, soos hy in Grieks genoem is, het hulle egter teëgestaan omdat hy wou verhoed dat die goewerneur in Jesus glo. [9]Maar Saulus, dit is Paulus, vol van die Heilige Gees, het hom skerp aangekyk [10]en gesê: “Duiwelskind! Deurtrapte skelm en bedrieër! Vyand van alles wat reg is! Sal jy ophou om in die pad van die Here te staan! [11]Die Here gaan jou nou straf. Jy sal blind word en die son ’n tyd lank nie sien nie.”Onmiddellik het alles vir hom vaag en donker geword, en hy het rondgetas na iemand om hom aan die hand te lei. [12]Die goewerneur was diep onder die indruk van die leer van die Here, en toe hy sien wat gebeur het, het hy gelowig geword.

**Woordverkondiging**

As gelowige het ek één groot wens en dit is om te doen wat God van my verwag; om aan Hom gehoorsaam te wees; om te kan onderskei wat die wil van God is; dat ek ’n fyn aanvoeling en begrip vir God sal hê; dat ek sal besef en sal verstaan wat God se doel met my lewe is. Op ’n manier worstel ons almal daarmee – is dit waarmee ek besig is, God se wil vir my lewe?

Ek lees daarom die gedeelte in Han 13 met groot aandag wanneer Lukas met groot oortuiging sê: [2]Toe hulle op ’n keer bymekaar was om die Here te dien en om te vas, het die Heilige Gees gesê: “Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het.” [3]Nadat die gemeente gevas en gebid en hulle die hande opgelê het, het die gemeente hulle laat gaan. Daar was by

hulle geen twyfel dat dit dit is wat die Here van hulle verwag nie.

Die groot vraag is natuurlik: Hoe kom ek by daardie punt dat ek met groot oortuiging kan sê: Dit is wat die Here van my verwag!! Dit is Sy wil vir my lewe en ek word deur die Heilige Gees gestuur. Die eintlike vraag is: **Hoe leef ek met geloofsonderskeiding?**

Die probleem is dat wanneer ons nadink oor God se wil vir ons lewe ons geneig is om net te dink in terme van ons behoeftes óf baie tegnies daaroor te dink.

Ons vrae wentel baie keer rondom sake soos: Moet ek nou van werk verander? Is dit die regte huis en omgewing? Moet ek nou 'n motor koop of nie? Is dit die regte lewensmaat vir my? Moet ek "ja" of "nee" sê vir die aanbod? Dat ons almal van tyd tot tyd met sulke vrae worstel, is verseker. Dat die Here by ons is in die besluitneming rondom sulke vrae – daaroor het ek geen twyfel nie.

Daar is 'n ander belangriker vraag voordat ek met die vrae na God kan gaan – die vraag of ek God se roeping vir my lewe verstaan. Hieroor kan ons geen twyfel hê nie – dit is om te **verstaan dat die Here my roep om Sy getuie te wees**. Met die uitstorting van die Heilige Gees sê Jesus dit baie duidelik en daaroor kan geen misverstand wees nie: julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

**Om 'n dissipel van die Here te wees, beteken om geroep te wees om 'n getuie vir Christus te wees.** In die Bybel word die woord "roep" dikwels gebruik om aan te dui dat die Here mense uit hul verlorenheid wegroep na die verlossing. Dit is ook deurgaans so dat die woord 'n tweede betekenis het wat beteken: die roeping tot diens aan God. So is die dissipels ook deur Jesus uitverkies en geroep om Hom te volg. Dit het vir hulle verlossing beteken, maar dit was terselfdertyd tog ook die roeping om vissers van mense te word (Mark 1:17).

**Die gemeente van Christus** bestaan nooit sonder meer as die gemeenskap van verloste mense nie; dit is altyd terselfdertyd ook die **gemeenskap van gestuurde mense**; gestuur om die evangelie aan mense te verkondig; die goeie nuus aan mense te bring dat Hy die Here is en vir mense te wys wat Sy heerskappy behels en dat Sy heerskappy 'n verskil maak. Om getuie te wees, beteken om erns te maak met dit wat God van ons vra om te wees en te doen. Om getuie te wees beteken om dit waarin ons glo met geloofwaardigheid uit te leef. Vir Christus was die saak so belangrik dat Jesus voor sy hemelvaart

dit by vier geleenthede aan die dissipels die opdrag gegee het om Sy getuies in die wêreld te wees (Matt 28:19, Luk 24:48, Joh 20:21 en Han 1:8). Dit is ’n saak waaroor ek geen keuse het nie. ’n Mens kan ’n Christen wees en terselfdertyd niks met die getuienistaak van die kerk te make wil hê nie.

Die eintlike vraag is: Is ons nog bekommerd oor die verlossing van ander mense? Verstaan ons nog wat Christus se bedoeling met die kerk is? Besef ek en jy die nood rondom ons van miljoene mense wat geen verhouding meer met God het nie en daarna smag om iets van God se koninkryk te beleef en te raak te sien? Verstaan ek wat dit behels om in hierdie wêreld en bepaalde omstandighede getuie vir die Here te wees?

Wanneer ek dit verstaan, kyk ek met ’n ander gesindheid of houding na die vrae wat ek vroeër genoem het. Die feit dat ek geroep word om getuie van die Here te wees, het beslis ’n invloed in die keuse van my tipe huis of motor of lewenstyl. Ek verstaan dat dit deel van my getuienistaak is om om te sien na die armes. In Luk 4 beskryf Jesus Sy eie roeping as: Hy het dit oopgemaak en die plek gekry waar geskrywe staan: [18]“Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig.
Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, [19]om die genadejaar van die Here aan te kondig.” Om daardie rede kan ek my nie so vasmaak met die koop van ’n bepaalde motor dat ek dit nie meer kan doen nie, al wil ek daardie motor hoe graag hê. My roeping as getuie van die Here het beslis ook ’n invloed op die manier hoe ek sake doen, met wie ek sake doen en om watter rede ek sake doen. Die feit dat ek geroep is om getuie te wees, het ook ’n invloed op die keuse van my lewensmaat.

Hoe meer ek ingestel is op die eintlike roeping van God, hoe makliker word dit om persoonlike keuses te maak.

Wanneer ek so oor **geloofsonderskeiding** begin dink dan is dit nie meer ’n tegniese saak nie, dit is **’n verhoudingsaak**. Ek staan in ’n verhouding met God wat my stuur en ek staan in verhouding met ander gelowiges wat saam met my gestuur is. Dit word vir my aangrypend uitgebeeld in Hand 13: [2]Toe hulle op ’n keer bymekaar was om die Here te dien en om te vas, het die Heilige Gees gesê . . . Hulle fokus was God en daarom verstaan hulle ook wat God van hulle verwag en hoor hulle ook duidelik.

Om met **geloofsonderskeiding** te leef, beteken vir my die volgende:

- **Om met die God-vrae besig te bly** - God is aktief werksaam in die wêreld. Hy is *altyd* besig om iets te doen. Wat Hy aan die doen is, is die deurslaggewende ding wat aan die gebeur is. Ek wil saam met ander gelowiges altyd met die vrae besig bly: Waarmee is God besig? Wat probeer die Here vir ons sê? Wat ontdek ek van God?
- Om in gehoorsaamheid **erns te maak met God se opdrag** om getuie te wees – Ek oordeel dat ons te min erns daarmee maak, daarom sukkel is om die krag van die Heilige Gees te sien en te ervaar. Daar is niks wat 'n mens so intens bewus maak van wat God deur sy Gees doen, wanneer 'n mens gehoorsaam word aan hierdie groot opdrag nie.
- Om **saam met ander gelowiges** in afhanklikheid en gehoorsaamheid aan die Here te leef. In Handelinge gebeur dit telkemale dat die gelowiges saamgekom het in gebed. Dit was 'n biddende kerk wat in afhanklikheid voor die Here kom staan het.
- Gesamentlike **gebed**

Laat die Heilige Gees jou lei.